COMMISSION ON REGIONS
REF: 1/11/ 20 / 373

VERW CWH AVSTIG: W5,SP 250893

AFRIKANER VRYHEIDSTIGTING (AVSTIG)
Posbus 7748, Pretoria, 0001 Tel (012) 86-8979 Fax: 8041144

CC TE
FD

Prof P Smit
Mede-voorsitter
Die Kommissie vir die Afbakening van SPR'e
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA
0001

Geagte Prof Smit

Die Afrikanervryheidstigting (AVSTIG) het met waardering kennis geneem van die groot werk wat u Kommissie in die kort tyd tot sy beskikking verrig het.

AVSTIG is ook dankbaar vir die geleentheid wat hom gebied was om 'n geskrewe voorlegging van sy voorstel oor 'n bepaalde Streek aan die Kommissie te doen. (Vgl lys van geskrewe voorleggings, bylae B nr 119).

Dit was ook ons voorreg om mondeling die voorlegging aan u Kommissie te kon toelig op Dinsdagaand 6 Julie 1993 om 19:00. (Ongelukkig is dit nie in die lys van mondelinge vertoë Bylae C aangeteken nie.)

AVSTIG het die verslag van u Kommissie met aandag deurgewerk en kennis geneem van hoofstukke 1 - 4. Die Vryheidstigting was besonder ingenome oor die insluiting van die Noord-Kaap as een van die SPR'e.

Op bls 28 van die Verslag verneem ons die belangrike mededeling oor "sagte grense" wat voorsiening moet maak vir die aanpassing van streekgrense voordat dit gefinaliseer word.

By die bespreking van die Kommissie se verslag by die Onderhandelingsraad is ook verneem van die geleentheid wat aan plaaslike gemeenskappe gegee sal word om verdere voorleggings te doen en van die Staatspresident se oordeel dat daar selfs geleentheid moet wees om die plaaslike inwoners se standpunte te toets. Daar is ook kennis geneem van verdere algemene voorleggings wat die Kommissie sal oorweeg.

Met die oog op laasgenoemde wil die Afrikanervryheidstigting die volgende bykomende voorstelle en beweegredes daarvoor ten aansien van die Noordstreek aan die Kommissie voorlê.

1 Die insluiting van die distrik Vredenburg/Sadanhabaai

Die Vryheidstigting het andermaal met groot nougesetheid die uitsluiting van hierdie distrik uit die Noord-Kaap en die insluiting daarvan by die Wes-Kaap oorweeg.

Argumente vir die insluiting van die distrik in die Noord-Kaap waarop die Vryheidstigting die Kommissie se aandag wil vestig, is die volgende:

KANTOOR VAN DIE REKTOR
1993-08-26
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

1.1 Saldanhabaai as 'n diepseehawe is gebou met die oog op die uitvoer van ystererts wat uit Sishen in die binneland afkomstig is. Hy is dus in werklikheid deel van die infrastruktuur van die Noord-Kaap. Indien hy in die Wes-Kaap val moet al die vrag wat op die Sishen-Saldanha spoorlyn gedra word, oor 'n streekgrens geneem word. Aanvanklik mag dit geen probleme lewer nie, maar omdat dit moeilik is om die toekomstige verhoudinge van die SPR'e tot mekaar te voorspel, is dit onnodig om konflikpotensiaal van hierdie aard in die grense in te bou.

1.2 Die Noord-Kaap het 'n bewysbare behoefte aan 'n diepsee hawe met al die geriewe wat daarmee gepaard gaan. Die algemene rykdom of gebrek daaraan in die Noord-Kaap is uitvoerig deur die Kommissie aangedui, (vgl Gross Geographic Product p 53 - 56), en dit is nie duidelik waarom so 'n belangrike bron van ekonomiese groei soos 'n diepseehawe uit die Streek uitgesluit word nie.

1.3 Die voorgenoemde argumente word gestaaf deur die feit dat die Wes-Kaap reeds oor die gevestigde diepseehawe by Kaapstad beskik. Buitendien is Kaapstad en Saldanhabaai so naby aan mekaar geleë, nie veel meer as 170 km kuslangs nie, dat dit onwaarskynlik is dat die twee hawens in een Streek volledig tot hulle reg sal kom. As in ag geneem word dat sowel Gordonsbaai as Mosselbaai ook in die Wes-Kaap geleë is, kan die redelike aanspraak van die Noord-Kaap op Saldanhabaai nie weerlê word nie.

2 Die insluiting van vyf suidelike distrikte van die OVS in die Noord-Kaap

Die Kommissie het besluit om die Oranjerivier as grens tussen die OVS en die Noord-Kaap te handhaaf en die OVS met uitsondering van Sasolburg onaangeraak te laat. AVSTIG wil graag die volgende aanvoer as gronde waarom die distrikte Philippolis, Fauresmith, Jagersfontein, Koffiefontein en Jacobsdal by die Noord-Kaap ingesluit moet word:

2.1 Die oorweging dat riviere nie goeie grense tussen lande, provinsies en streke uitmaak nie, word baie deeglik deur die Raad vir die Omgewing en veral sy voorsitter, Prof Roelf Botha, argitek en landskapsargitek, en deur Dr van der Riet van die Universiteit van Pretoria, beklemtoon. Enersyds word aangevoer dat 'n rivier 'n natuurlike hulpbron van 'n bepaalde gemeenskap wat weerskante van die rivier vestig en ontwikkel, is, en andersyds bring die ontwikkeling en aanwending van een waterbron deur twee verskillende belangegroepe maklik spanning en stryd mee. Vandaar dat eerder waterskeidings as rivierlope vir grense aanbeveel word. Daar ons die geleentheid het om nuut te begin, kan dit latere probleme voorkom as hierdie beginsels toegepas word.

2.2 In die besondere geval het daar reeds 'n baie groot mate van gemeenskaplikheid en lotsgemeenskap tussen die inwoners weerskante van die rivier ontwikkel. Die PK le Rouxdam in die Oranjerivier Ontwikkelingskema lê oos van die dorpe Luckhoff, Koffiefontein en Jacobsdal aan die OVS-kant en Petrusville, Vanderkloof, Orania, Hopetown en Douglas aan die Noord-Kaapkant. Aan die noordelike oewer (in die Vrystaat) is twee kanaalstelsels, die Rama en die Sarel Haywardkanaal ontwikkel, terwyl die suidelike kanaalstelsel nie voltooi is nie en boere van die rivieroewer pomp. Die koöperatiewe en ander landboubelange is weerskante dieselfde, dit is mense van dieselfde kultuurgemeenskap wat taal, kerk, skool en ekonomiese instellings geld. Dit word van belang geag dat hierdie distrikte die geleentheid gebied word om by die Noord-Kaap ingesluit te word.

Die ernstige oorweging van u Kommissie word hiervoor gevra.

3 Distrikte aan die Oosgrens van die Noord-Kaap

'n Aantal distrikte aan die oosgrens van die Noord-Kaap het reeds ernstige vertoë tot AVSTIG gerig om hulle by te staan en hulle aansoek om insluiting in die Noord-Kaap. Hier word veral verwys na Venterstad, Steynsburg en Middelburg. Distrikte wat vroeër in AVSTIG se voorstel gedien het, is Graaff Reinet, Murraysburg, Aberdeen en Beaufort-Wes.

-3-

AVSTIG oordeel soos volg oor hierdie distrikte:

3.1 Die voorkeur van natuurlike grense soos berge teenoor 'n denkbeeldige lyn deur die Karoo, is voor die handliggend. Daar word nou voorgestel dat die Swartberge met sy uitlopers na die noorde as grens tussen die Streke geneem word.

3.2 Kultuur-eenvormigheid en gemeenskaplike belange soos wat in die Karoo geld, ten opsigte van ekonomiese en landboubedrywe, kultuur- en godsdiensbelange soos taal, kerk, skool en sport, behoort in ag geneem te word.

AVSTIG is van oordeel dat die gemeenskappe self ook hulle keuse moet bekend maak maar waar die gemeenskappe van Steynsrust, Venterstad, (en Middelburg) reeds hulle uitdruklike wense bekend gemaak het, moet ten minste aan hulle versoeke gehoor gegee word.

Ons wil graag die vertroue uitspreek dat hierdie voorlegging die objektiewe aandag van die Kommissie vir Afbakening van die SPR'e sal geniet.

Met hoogagting

CWHBoshoff

.....................................

CWH Boshoff (Voors AVSTIG)

South African Property Owners Association · Vereniging van Eiendom-Eienaars van Suid Afrika

SAPOA
VEESA

26 Augustus 1993

Ons Verw: DdV/wv
Posbus 4945
**PRETORIA**
0001

Tel: 341-3460
Faks: 341-3854

Vir aandag: Prof Flip Smit
Die Voorsitter
Tegniese Komitee vir Streeksverdeling
Onderhandelingsraad
World Trade Centre
**KEMPTON PARK**

Geagte Prof Smit

**PRETORIA/PWV STREEK**

Na deeglike oorweging en debatvoering het die Noord-Tvl streek van VEESA (Vereniging van Eiendomseienaars van Suid-Afrika) op sy maandvergadering van 19 Augustus 1993 hom sterk ten gunste daarvan uitgespreek dat Pretoria wel in die PWV-streek moet val.

VEESA ondersteun dus u aanbeveling dat Pretoria in hierdie betrokke streek moet val met die hoofrede dat Pretoria sy hoofstadstatus moet behou en dit slegs kan bewerkstellig deur deel te wees van die PWV-streek. (Sien agtergrondskedule aangeheg).

VEESA wil hom dus sterk uitspreek teenoor dié liggame en persone wat voorspraak maak vir Pretoria se insluiting by die Oos-Transvaal streek.

Ons hoop dat u bogenoemde aanbeveling in 'n ernstige lig sal sien en sterkte word u toegewens met hierdie belangrike taak.

Die uwe

**D J DE VILLIERS**
**VOORSITTER (NOORD-TRANSVAAL)**

aa: Mnr Brian Kirchman (Veesa hoofkantoor)
Dr Pieter Smith (Bestuurskomitee - Stadsraad van Pta)
Bestuurskomitee (Veesa Noord-Tvl)
Mnr Hendrik Malan (OSAK - Stadsraad van Pretoria)

KANTOOR VAN DIE REKTOR
199? -09- 2 0
UNIVERSITEIT VAN P... ...RIA

EXPERTISE AND SERVICE · KUNDIGHEID EN DIENS

Reg No 66/08959/88
Rosepark South/Suid Baker St. Rosebank 2196 PO Box/Posbus 2009 Parklands 2121 Tel (011) 880 4703 Fax (011) 880 4709

Council/Raad: H S C Bester* (President), C G Steyn* (Vice President/Vise-President), G R Hibbert* (Deputy Vice President/Adjunk Vise-President), T Anstey, A U Barnetson*, D Boyd, M J Carson, P A G Chilton-Jones, Prof C E Cloete, L L Colussi, J A Croswell, Dr C P de Leeuw, E V Detert, D J de Villiers, K Dunkley, J Faller. E R M Field, M R Goldswain, N Harris*, G Hugo, G Leissner, R E Levitt, R R MacGillivray, S Matthews, A N B Mills* (Honorary Treasurer/Ere-Penningmeester), C B Mitchell, P J A Moolman, A Musgrave, T C Oosthuizen, A P Peirson, R F D Philip, G J Skinner, B M Stocks, D Stuart-Findlay*, R D Timm, Adv J M B Treurnicht, J van Dijken, A J van Riet (Honorary Life Councillor/Ere-Lewensraadslid), J G M van Straten, A J van Wyk, R Vorster, I D R Watt, L I Weil, P Whewell, B Kirchmann* (Executive Director/Uitvoerende Direkteur)
Incorporated Association not for gain/Ingelyfde Vereniging sonder winsoogmerk
*Directors/Direkteure

South African Property Owners Association · Vereniging van Eiendom-Eienaars van Suid Afrika

SAPOA
VEESA

Posbus 4945
PRETORIA
0001
Tel: 341-3460

26 Augustus 1993

Ons Verw. DdV/hv

## AGTERGRONDSKEDULE

### PRETORIA STREEKS-INDELING

Die besluit van VEESA Noord-Transvaal vir die ondersteuning dat Pretoria by die PWV streek ingedeel moet word, is eenparig geneem by sy maandvergadering gehou op 19 Augustus 1993.

Daar is verskeie redes aangevoer maar die twee deurslaggewende redes word soos volg opgesom:

i) VEESA se hoofdoel is om sy lede se eiendomsbelange te beskerm. Dit is dus van kardinale belang dat die Eiendomseienaars van Pretoria se belange maksimaal beskerm word en dit kan slegs bereik word deurdat Pretoria sy hoofstadstatus behou in die nuwe politieke bedeling. Dit is VEESA se mening dat indien Pretoria nie deel vorm van die PWV streek nie, daar n groter risiko is dat Pretoria die hoofstadstatus kan verloor. Dus moet Pretoria deel van die PWV streek bly en sodoende die risiko minimaliseer dat hy sy hoofstadstatus kan verloor.

ii) Dit is VEESA se mening dat Pretoria, Verwoerdburg, Midrand en Johannesburg n ekonomiese eenheid vorm, wat op sy beurt weer aansluit met die Oos- en Wesrand sowel as die Vereeniging en Vanderbijlpark gebiede. Pretoria het tans geen direkte ekonomiese skakeling met die Oos- of Wes-Transvaal nie en nog minder met Noord-Transvaal. VEESA is dus van mening dat Pretoria onlosmaakbaar gebind is met die PWV ekonomiese eenheid.

Bogenoemde vergadering van VEESA is bygewoon deur verskeie van sy groter lede o.a. Sanlam Eiendomme, Ou Mutual Eiendomme, Southern Life Eiendomme, Baker Street Associates, Shoredits en Midcity ens.

EXPERTISE AND SERVICE · KUNDIGHEID EN DIENS

Reg No 66/08959/88

Rosepark South/Suid Baker St. Rosebank 2196 PO Box/Posbus 2009 Parklands 2121 Tel (011) 880 4703 Fax (011) 880 4709

Council/Raad: H S C Bester* (President), C G Steyn* (Vice President/Vise-President), G R Hibbert* (Deputy Vice President/Adjunk Vise-President), T Anstey, A U Barnetson*, D Boyd, M J Carson, P A G Chilton-Jones, Prof C E Cloete, L L Colussi, J A Croswell, Dr C P de Leeuw, E V Detert, D J de Villiers, K Dunkley, J Faller. E R M Field, M R Goldswain, N Harris*, G Hugo, G Leissner, R E Levitt, R R MacGillivray, S Matthews, A N B Mills* (Honorary Treasurer/Ere-Penningmeester), C B Mitchell, P J A Moolman, A Musgrave, T C Oosthuizen, A P Peirson, R F D Philip, G J Skinner, B M Stocks, D Stuart-Findlay*, R D Timm, Adv J M B Treurnicht, J van Dijken, A J van Riet (Honorary Life Councillor/Ere-Lewensraadslid), J G M van Straten, A J van Wyk, R Vorster, I D R Watt, L I Weil, P Whewell, B Kirchmann* (Executive Director/Uitvoerende Direkteur)
Incorporated Association not for gain/Ingelyfde Vereniging sonder winsoogmerk
*Directors/Direkteure